

Donderdag 4 April

Skrifgedeelte: Genesis 22:1-19

**Fokusgedeelte: Genesis 22:8,
14**

Glo jy dat die Here 'n Verlosser voorsien het?

Dit sou maklik wees om Abraham te beskryf as die held van hierdie verhaal. Maar eintlik gaan hierdie verhaal oor Wie die Here is. Die Here wat altyd getrou is aan sy beloftes. Die fokus is op die Here wat Abraham se gehoorsame geloofsvertroue getrou beantwoord het deur 'n plaasvervanger vir sy lieflingseun, Isak, te voorsien.

Vers 1 begin deur te sê: *“n Ruk na die vorige gebeurtenisse het God vir Abraham op die proef gestel ...”* Hierdie vorige gebeurtenisse verwys na die hele geskiedenis van God se verhouding met Abraham – van die oomblik wat die Here vir Abraham geroep het, regdeur tot by die geboorte van Isak.

In die vorige hoofstuk lees ons dat Abraham só voorspoedig geword het dat die mense wat naby aan hom geleef het, met hom ooreenkomste wou maak sodat hy hulle nie sou aanval of sy slawe sou maak nie. In Genesis 21:22 sê Abimelek – een van die mense wat in Abraham se omgewing geleef het – *“God is by jou in alles wat jy aanpak.”*

Dit was dus nie 'n onbekende, veraf God wat na Abraham toe gekom het met hierdie opdrag om sy seun te offer nie. Dit was dieselfde Here wat al dekades lank getrou in 'n verhouding met Abraham geleef het.

In sy gehoorsaamheid aan die Here was Abraham nie besig om met 'n blinde geloof 'n skoot in die donker te vat nie. Hy het geweet Wie die Here is. Abraham se optrede is die uitvloeisel van 'n deurleefde, Geesvervulde geloof.

Mag jy ook in jou beproewings die genade ontvang om te lewe vanuit die geloof dat ons hemelse Vader reeds Jesus Christus as jou Verlosser voorsien het. *“Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?”* (Rom. 8:32).

Sing: Psalm 71-2:2, 3, 6

Ds. WJ Steyn (Willem) (Potchefstroom Die Bult)